higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PATROONKONSTRUKSIE N4

(10010484)

28 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: Wit tikpapier

Sakrekenaars en tekeninstrumente mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 4 addenda.

114Q1J2128

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PATROONKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Alle manipulasies en sketse moet volgens vyfde skaal op wit tikpapier gedoen en in die ANTWOORDBOEK geplak word. Geen los antwoordblaaie sal nagesien word nie.
5. Slegs die basies patroonblokke in hierdie vraestel mag gebruik word.
6. Gebruik 'n swart fynomlynpen. 'n Rooi pen mag nie gebruik word nie.
7. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verduidelik kortliks elk van die volgende terme in patroonkonstruksie:

1.1.1 Patroonlyne

1.1.2 Patroonmanipulasies

1.1.3 Halvering ('Bisecting')

1.1.4 Patroonkaart

1.1.5 Produksiepatroon

(5 × 2) (10)

1.2 Gee VIER voorbeelde van omvangsmate ('girth measurement'). (8)

1.3 Noem TWEE soorte plat krae. (4)

1.4 Noem VIER mate wat nodig is om 'n basiese dameslyfieblok te konstrueer. (8)

[30]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2 .10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die toelating vir 'n omgekeerde stolpplooi ('inverted pleat') is twee keer die diepte van die breedte.

2.2 Aangesnyde belegsels word gewoonlik by die vooropening van 'n damesbloes gebruik.

2.3 'n Rolkraag is 'n voorbeeld van 'n plat kraag.

2.4 'n Borsbeheerpylnaat word aangebring op die skouer van die damesvoorlyfieblok.

2.5 Inruiming ('Easing') is dieselfde as inrygwerk ('gathering').

2.6 Skouerbalanspunte ('Back and front pitches') word voor en agter op die mousgat van die basiese lyfieblok gemerk.

2.7 Die godet is 'n voorbeeld van die wegruiming van volheid.

Kopiereg voorbehou

2.8 'n Raglanmou is 'n mousoort wat deel van die neklyn vorm.

2.9 Stiklyne word met soliede lyne aangedui.

2.10 'n Tussenbelegsel is 'n laag materiaal wat aan 'n belegsel geheg is om dit te versterk.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om te pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Twee plooie wat in teenoorgestelde rigtings wys	A	stylontleding
3.2	Area op lyfie waar die armopening geplaas is	B	L-vormig
3.3	Oopsny van patroon om volheid te verkry	C	halfpad
3.4	Vermoë om ontwerp te lees	D	agterarm
3.5	Metaalliniaal met twee arms wat 'n reghoek vorm	E	mousgat
3.6	Presies tussen bekende punte	F	tussenbelegsel
3.7	Einde van insnydings	G	pylnaatmanipulasie
3.8	Mate geneem met arm gebuig om hoek te vorm	H	manipulasie
3.9	Materiaallaag geheg aan belegsel	I	stolp-
3.10	Skuif van pylnate in ooreenstemming met ontwerp	J	kolle
		K	insnyding

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

VRAAG 4

4.1 Gebruik die basiese dameseenstukmoublok, grootte 13, op ADDENDUM A en maak manipulasies volgens vyfde skaal van die mou, gepof by die moukop.

MATE EN INSTRUKSIES

- Moulengte – 30 cm
- Verhoging ('Raise') by moukop – 2 cm
- Uitskuif ('Spread') vir rygplooie by moukop – 5 cm

Trek weer 'n ronding ('Recurve') vir die moukop en verdeel die mou in 6 dele. Voltooi die patroon met benoemings ('labels') en draadrigtings.

4.1.1 Beplanningstadium van mou (12)

4.1.2 Werkpatroon van mou (13)

4.2 Gebruik die basiese dameslyfieblok, agter, en rompblok, agter, grootte 13, op ADDENDUM B, en maak die beplanningstadium vir die damesrokblok, agter, grootte 13, op vyfde skaal.

INSTRUKSIES

Trek 'n vertikale lyn aan die linkerkant van die papier.

Belyn die middel agter van die dameslyfieblok met hierdie lyn en trek die blok en pylnaat na ('trace'). Gebruik gebroke lyne om die synate na te trek.

Nommer die volgende patroonpunte:

1 Middelagternekpunt

2 Middelagtermiddellyfpunt

3 Synaatmiddellyfpunt

4 Synaatonderarmpunt

Belyn die middelagter van die damesrompblok met die vertikale lyn sodat die middelagtermiddellyflyn 2 raak.

Die rompmiddellyn by die synaat en die middellyn van die lyfie by die synaat slaan oormekaar en moet geïgnoreer word.

Trek die rompblok rondom na ('trace') en maak 'n pylnaat. Merk die heuplyn.

Kopiereg voorbehou

5 Regs van punt 3 op synaat van romp

Verbind 4 en 5 met 'n reguit lyn vir die nuwe synaat.

Rekonstrueer die pylnaatposisie.

6 Waar linkerkant van pylnaatbeen van lyfie en romp bymekaar kom

7 Lyfiepylnaatpunt. Verleng die pylnaatbeen van 6 tot 7.

7–8 5 cm opwaarts gemeet op die verlengde lyn bokant 7 vir nuwe rokpylnaat om gladde pas te verseker

9 Regterpylnaatbeen van romppylnaat. Verbind 8 en 9.

10 Middelagtersoompunt

Trek reghoekig ('Square out') na die synaat vir die nuwe roksoomlyn.

Omlyn die rokblok met 'n swart fynomlynpen.

Trek draadrigtings en benoem ('label') die blok.

(25)
[50]

VRAAG 5

Bestudeer die skets van 'n damesromp, grootte 13.



Gebruik die blok van die damesrompvoorkant op ADDENDUM C en maak die manipulasies hier onder volgens vyfde skaal.

5.1	5.1.1	Beplanningstadium van rompvoorkant	(16)
	5.1.2	Beplanningstadium van middellyfband	(8)
5.2		Beplanningstadium van godet	(10)
5.3		Finale patroon van romppaneel middelvoor	(8)
5.4		Finale patroon van romppaneel syvoorkant	(8)

MATE EN INSTRUKSIES

- Romplengte – 60 cm
- Vermeerdering by synaatsoomlyn – 2 cm

Verbind met heuplyn vir nuwe synaat.

- Godetlengte – 30 cm
- Godetbreedte –15 cm
- Middelllyfbandlengte – 16,5 cm
- Middellyfbandbreedte – 8 cm
- Naattoelating – 1,5 cm
- Soomtoelating – 2 cm

Voltooi die patroon met benoemings ('labelling') en draadrigtings. **[50]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Bestudeer die skets van 'n damesrok, grootte 13.



Gebruik die damesrokblok, voorkant, op ADDENDUM D en maak die manipulasies hier onder volgens vyfde skaal.

6.1 Beplanning van rokvoorkant met plooi en belegsel (26)

6.2 Finale patroon van gekombineerde rokbelegsel (10)

6.3 Finale patroon van rok onderkant, voor (14)

MATE EN INSTRUKSIES

- Roklengte (gemeet van MV-middellyn afwaarts) – 55 cm
- Skouerlyn gemeet van skouermousgatpunt na regs – 11 cm

Voltooi 'n vierkantige neklyn gemeet van nek middelvoor afwaarts – 10 cm

Vermeerder by synaatsoomlyn – 3 cm

Verbind by heuplyn vir nuwe synaat.

- Plooiwydte – 5 cm
- Belegselwydte by onderarmlyn – 5 cm
- Belegselwydte by middelvoorlyn – 5 cm
- Naattoelating– 1 cm

Voltooi die patroon met benoemings ('labelling') en draadrigtings. **[50]**

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

PATROONKONSTRUKSIE N4

ADDENDUM A



Kopiereg voorbehou

PATROONKONSTRUKSIE N4

ADDENDUM B





PATROONKONSTRUKSIE N4

ADDENDUM C



Kopiereg voorbehou

PATROONKONSTRUKSIE N4

ADDENDUM D



Kopiereg voorbehou